
# Skryftekens in ’n neutedop

## Wat is skryftekens?

Vir iets om ’n skryfteken te wees, moet dit (i) binne ’n woord voorkom om (ii) die korrekte spelling, (iii) die korrekte uitspraak, en (iv) die gewenste betekenis te verseker.

## Die akuutteken (´)

- Akuuttekens word saam met vokaalletters (byvoorbeeld **aa**) of diftonge (byvoorbeeld **eeu**) gebruik.
- Dit word vir een van vier redes gebruik:
    - In sommige gevalle móét die akuutteken gebruik word om te wys dat woorde tot verskillende woordsoorte behoort en/of verskillende betekenisse kommunikeer. Dink aan die gebruik van die voorsetsel **na** wat ‘naby; nie ver nie’ beteken (soos in Jy staan te **na** aan die vuur; jy sal brand) teenoor die voorsetsel **ná** wat ‘later as iets anders’ beteken (soos in Ek kom **ná** skool vir jou kuier). Hier moet die akuutteken gebruik word om aan te dui dat die betekenis verskil.
    - Dit word ook vir beklemtoning gebruik, byvoorbeeld **móét**.




- Die akuutteken word op elkeen van die vokaalletters geplaas, indien twee of meer ná mekaar gebruik word (soos in **twéé**, **sóén**) en op elkeen van die vokaalletters van die diftong (soos in **kóúd** en **lééú**), tensy een van die vokaalletters ’n **i** is.
- Wanneer die vokaalletter **i** saam met ander vokaalletters gebruik word (soos in **nié**, en die diftong **sááí**), word die akuutteken nie op **i** geplaas nie, maar slegs op die ander vokaalletters.
- Indien die letter **i** egter alleen gebruik word, kan die akuutteken daarop geplaas word om dit te beklemtoon (soos in **dís**).
- Die akuutteken kan ook gebruik word, al word ander skryftekens in ’n woord gebruik (soos in **spiéël**, **kóéël** en **réën**).
- Sou daar ’n ander skryfteken (byvoorbeeld ’n deelteken) op een van die vokaalletters voorkom, kry dié skryfteken die voorkeur bo die akuutteken. ’n Mens sal **sê** steeds met ’n kappie skryf en nie as **sé** ter wille van beklemtoning nie.

Die akuutteken word ook om die volgende redes gebruik:


- In woorde van vreemde herkoms, byvoorbeeld **née** (’n Franse woord wat voor iemand se nooiensvan geskryf word).




- In eienaamwoorde (eiename) van vreemde, hoofsaaklik Franse, herkoms, byvoorbeeld **Fouché**.

## Die gravisteken (`)

- Het jy geweet dat eerste klankgreep daarvan, net soos **gratis**, lank uitgespreek word?
- Die gravisteken word vir een van drie redes gebruik:
  - Om aan te dui dat die letter **e** met ’n kort è-klank geassosieer word, byvoorbeeld **nè**.
  - In woorde van vreemde herkoms, byvoorbeeld **voilà**.




  - In eienaamwoorde (eiename) van vreemde, hoofsaaklik Franse, herkoms, byvoorbeeld **Adèle**.

## Die kappie (^)

Ons gebruik die kappie, net soos die gravisteken en die akuutteken, op vokaalletters.

Die kappie word vir die volgende redes gebruik:

- Dit dui aan dat die letter **e** (soos in **pêrel)**, **i** (soos in **wîe**), **o** (soos in **trôe**) en **u** (soos in **rûe**) in ’n oop lettergreep verleng moet word. Sonder die kappie gaan ons byvoorbeeld verkeerdelik [pee.rihl] sê.

- In ’n woord soos **populêr**, waar die letter **e** in ’n geslote lettergreep voorkom, dui die kappie op die **e** aan dat hierdie letter ’n lang ê-klank of ’n lang ae-klank voorstel. Ons sien dieselfde ook in die woord **kes**.



**Weet jy wat die woord** kês **beteken? Dit verwys na suurmelk of karringmelk wat by ’n sekere hitte skielik gestol het, of dit kan ook verwys na die eienskap van dik en waterig wees.**

- Die kappie word gebruik in woorde van vreemde herkoms in hul oorspronklike vorm, byvoorbeeld **crêpe** (‘dun pannekoekie’) wat ons uit die Franse **crêpe** via die Oudfranse **crespe** (‘kartelrig, krullerig’) uit die Latynse **crispus** kry. Kyk ook na die volgende voorbeelde van woorde van vreemde herkoms waarin die kappie gebruik word:
    - **crêpe-de-chine** (‘sagte systof’; uitspraak: krèp-de-sjien; ontleen aan Frans), byvoorbeeld Op hierdie groot stuk **crêpe-de-chine** kon ek met die plasing van die vorms rondspeel, terwyl ek ’n sarong vir die strand gemaak het.
    - **maître d’hôtel** (‘hoofkelner in ’n hotel of huishouding’; ontleen aan Frans), byvoorbeeld Koppe draai na die swartkop wat gemaklik met die **maître d’hôtel** gesels en opsommend haar oë oor die buffet laat gly.
    - **tête-à-tête** (‘vertroulike gesprek’; uitspraak: tet-ah-tet/tet-ah-tet; ontleen aan Frans), byvoorbeeld Tydens hierdie **tête-à-tête** het Thomas Boni Yayi ’n reeks voorstelle en versoeke aan Patrice Talon voorgelê.
- In meetkunde dui ’n kappie op ’n letter ’n hoek aan, byvoorbeeld $\boldsymbol{A\hat{B}C}$.

## Die deelteken (¨)

- Ons gebruik die deelteken, net soos die gravisteken, akuutteken en kappie op vokaalletters.
- Die deelteken word vir die volgende redes gebruik:
    - Soms staan ’n paar vokaalletters ná mekaar, soos **ie** in die woord **finansiële**. Ons voeg die deelteken in, om aan te dui dat hierdie twee letters tot verskillende lettergrepe behoort (d.w.s. **fi-nan-si-ë-le**) en dat hulle gevolglik ook tot verskillende klankgrepe behoort. Nóg voorbeelde van hierdie gebruik is:
        - Ook die **argeoloë** het, sedert die opgrawings begin het, van die beste muurskilderye en **vloermosaïeke** na die Nasionale Museum in Napels verskuif.
        - Ek het die gesprek **beëindig** en weer die leemte van ’n lang ruk gelede in my gevoel.
        - Rose is in Johannesburg gebore, maar is ’n Brit sedert sy ouers **geëmigreer** het toe hy vyf jaar oud was.
        - Hy eet met sigbare **genoeë** sy tweede vis.

- Die deelteken word partykeer om historiese redes gebruik, byvoorbeeld waar ’n woord met ’n deelteken uit ’n ander taal net so in Afrikaans gebruik word, soos **aërobies** of wanneer ons ’n woord uit Nederlands geërf het en die klank- en spelvorm van die woord aangepas het. Dink maar aan woorde soos **koeël**, **reël**, **reëling**, **reën**, **spieël**, **teël** en **leër**. Hierdie woorde kry ons by die Nederlandse **koegel**, **regel**, **regeling**, **regen**, **spiegel**, **tegel** en **leger** onderskeidelik. Omdat een van die Afrikaanse grondbeginsels is dat die spelling grootliks met die uitspraak ooreen moet stem en die ghi-klank nie in in hierdie woorde uitgespreek moes word nie, is die letter **g** gevolglik ook in die spelling weggelaat.
- Dit word in sommige woorde gebruik om die meervoud te vorm, soos in **knieë**.
- Dit word in sekere kontekste by voorvoegsels (soos in **beïnvloed**) en agtervoegsels (soos in **kobraägtige**) gebruik, maar nie waar ’n werkwoordstam met **-ing** (soos in **voltooiing**) verbind nie. Let daarop dat die agtervoegsel -agtige in woorde soos **kobraägtige** en **babaägtige**) ook met ’n koppelteken geskryf kan word (d.w.s. **kobra-agtige** en **baba-agtige**).
- Dit word by voorvoegsels van Klassieke herkoms (byvoorbeeld **ko-**) gebruik, hoewel die koppelteken in hierdie geval ook gebruik kan word, byvoorbeeld **koöperatiewe** of **ko-operatiewe**.



**Bykomende voorbeelde van voorvoegsels van Klassieke herkoms is:** hidro- **(met die betekenis ‘water’, afgelei van die Griekse** hydro-/hydor**),** gastro- **(met die betekenis ‘maag; betreffende die maagstreek; gastries’, afgelei van die Griekse** gastro-/gastēr**), en** multi- **(met die betekenis ‘veel, baie’, ontleen aan die Latynse** multus**).**


## Die afkappingsteken (’)

- Sinonieme hiervoor is “apostroof” en “afkapteken”.
- Die afkappingsteken word vir die volgende redes gebruik:
- By die meervoud- en die verkleiningsvorm van naamwoorde (selfstandige naamwoorde) wat eindig op **i**, **o**, **u** en **a** wat ’n lang, beklemtoonde a-klank voorstel (byvoorbeeld **Israeli’s**; **foto’s**; **skadu’tjie**; **ma’tjie**).
- By woorde van vreemde herkoms (byvoorbeeld **Kid’s Beach**).
- By soortnaamwoorde (soortname) wat in die enkelvoudsvorm op **e** eindig wat nie uitgespreek word nie (byvoorbeeld **collage’e**). Sou jy wel daardie **e** uitspreek, is die meervoudsvorm **collages**.
- By name en vanne wat op **e** of **(r)s** of **s** eindig en nie uitgespreek word nie (byvoorbeeld **Du Plessis’s**; **Cecile’tjie**).
- By die meervoudsvorm en die verkleiningsvorm van letters, syfers, getalle, simbole (byvoorbeeld **a’s**; **9’tjie**; **+’ie**; **1980’s**).

- By die meervoudsvorm van akronieme (letternaamwoorde en letterklankwoorde in hoofletters) en die afkortings van grade en diplomas (byvoorbeeld **BMW'tjie**; **PIN'e/PIN's**; **BEd's/B.Ed.'s**).
- By 'n kombinasie van syfers/getalle en letters wat 'n naamwoord (selfstandige naamwoord) vorm, waar hierdie naamwoord iets sintuiglik waarneembaars benoem (byvoorbeeld **o. 16's** wat na leerders van 'n spesifieke ouderdom verwys).
- Waar klanke weggelaat word en hierdie weggelate klank in die spelling van 'n woord aangedui moet word (byvoorbeeld **jy't**).
- Waar 'n klank (byvoorbeeld 'n e-klank in **geen**) na 'n ih-klank verswak en die verswakking met 'n afkappingsteken aangedui word (byvoorbeeld **g'n**).
- Wanneer sommige klanknabootsende tussenwerpsels gebruik word (byvoorbeeld **b'r**).

## Die koppelteken (-)


- Wanneer een deel van 'n samestelling op 'n vokaalletter eindig (byvoorbeeld **see**) en die volgende deel van die samestelling met 'n vokaalletter begin (byvoorbeeld **eend**), en hierdie opeenvolging van vokaalletters veroorsaak dat die woord verkeerd gelees kan word (byvoorbeeld **seeend**), móét 'n koppelteken gebruik word. Ons sien dit ook in woorde, soos **grafika-inligting** en **ete-uitnodiging**.



**Wanneer 'n mens** senu **met** aandoening **sou saamstel, is daar ook 'n opeenhoping van vokaalletters by die verbindingspunt van die samestelling. Tog veroorsaak hierdie opeenhoping nie, soos in die geval van** senu-ineenstorting**, dat die komplekse woord moeilik gelees word nie. Woorde soos** senuaandoening **kan daarom met of sonder 'n koppelteken geskryf word. Dit geld ook vir byvoorbeeld** handearbeid**,** syingang**,** boaan**,** naywer**,** negeuur **en** ruolie**.**

- Wanneer 'n teks met die hand geskryf word en 'n woord aan die einde van 'n reël nie voltooi kan word nie, kan die koppelteken gebruik word om óf die woord volgens betekenisvolle dele (byvoorbeeld **kinder-klere**) of volgens lettergrepe (byvoorbeeld **kinderkle-re**) af te breek.
  - Wanneer 'n woord aan die einde van 'n reël voor 'n letter met 'n deelteken afgebreek word, skryf ons **ge-ëet** of **ge-eet** (sonder die deelteken).
- Wanneer die lettergreepverdeling nie duidelik is nie en kan veroorsaak dat 'n woord verkeerd gelees kan word, kan 'n koppelteken gebruik word, hoewel dit nie verpligtend is nie. Dink maar aan die woord **rugare**. Is dit nou die are van jou rug of growwe gare?
- As leesbaarheidskoppelteken by lang woorde, byvoorbeeld ná **woonstelblok** in **woonstelblok-parkeerterrein**.
- Wanneer leenwoorde in die oorspronklike taal koppeltekens bevat, byvoorbeeld **crêpe-de-chine**.

- By die samestelling van woordgroepe van vreemde herkoms met 'n daaropvolgende woord, byvoorbeeld **ad hoc-komitee**.




- As weglaatteken, byvoorbeeld **gr. 5-klas en gr. 6-klas** wat as **gr. 5- en gr. 6-klas** geskryf kan word.
- As afstandskoppelteken, met ander woorde waar 'n samestelling (byvoorbeeld **graad 10-uitslae**) met 'n adjektief / byvoeglike naamwoord (byvoorbeeld **akademiese**) uitgebrei word, byvoorbeeld **graad 10- akademiese uitslae**. Kyk mooi na die spasiegebruik!
- Om herhalingsamestellings te vorm, byvoorbeeld **lag-lag**.
- Wanneer samestellings met **hulle** en **goed** gevorm word, byvoorbeeld **ma-hulle** en **ma-goed**/**magoed**.
- Om betekenisverhoudings aan te dui:
    - **manies-depressief** ('Die persoon kry aanvalle van manie **en** psigotiese neerslagtigheid.')
    - **kafee-restaurant** ('Die plek is 'n kafee **en** 'n restaurant.')
    - **môre-oormôre** ('Dit vind plaas **tussen** môre en oormôre.')
    - 2010-2019 ('**van** 2010 **tot** 2019')
- Wanneer telwoorde met **en** gevorm word, byvoorbeeld **vyf-en-twintig** (wat ook as **vyf en twintig** geskryf kan word).
- Wanneer getalle, syfers, letters en simbole met 'n onafhanklike eenheid daarná verbind om 'n samestelling te vorm (byvoorbeeld **A-span**), of met 'n afhanklike eenheid (soos 'n agtervoegsel) verbind om 'n afleiding te vorm (byvoorbeeld **r-loos**).
- Wanneer afkortings met woorddele verbind, byvoorbeeld **e-pos** en **TV-loos**.
- Wanneer woordgroepe 'n nuwe betekenis kommunikeer, byvoorbeeld **boer-in-die-nag** ('tipe plant') of **juffertjie-in-die-groen** ("n gewilde tuinblom').
- Wanneer woordgroepe wat normaalweg nie gekoppel word nie (byvoorbeeld Ek probeer die lewe maar **dag vir dag** vat) deur 'n woord gevolg word, byvoorbeeld **dag-vir-dag-roetine**.
- Wanneer voorvoegsels (byvoorbeeld **eks-**, **non-** en **oud-**) deur 'n woord wat met 'n hoofletter begin, gevolg word, byvoorbeeld **eks-Amerikaner**.
- Eienaamwoord-soortnaamwoord-verbindings, byvoorbeeld **Toyota-onderdele** (wat ook as **Toyotaonderdele** geskryf kan word).
- By die vorming van verskillende geografiese name, byvoorbeeld **Groot-Karoo, Sentraal-Afrika**, **Pretoria-Sentraal**, **Bo-Kaap** en **Graaff-Reinet**.